

Titel: Beste preek ooit III
Pastoor: De Waal Esterhuizen
Datum: 10 April 2011
Tyd: 09h30



a) Godsdienstige geveinsdheid

1. Liefdadigheid

Matt 6:1-4

¹ Pas op dat julle nie jul liefdadigheid voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie; anders het julle geen loon by julle Vader wat in die hemele is nie. ² Wanneer jy dan liefdadigheid bewys, moenie 'n trompet voor jou blaas soos die geveinsdes in die sinagoges en op die strate doen, dat hulle deur die mense geëer kan word nie. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg. ³ Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, ⁴ sodat jou liefdadigheid in die verborgene kan wees; en jou Vader wat in die verborgene sien, Hy sal jou in die openbaar vergelde.

2. Gebed

Matt 6:5-7

⁵ En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid, om deur die mense gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het. ⁶ Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde. ⁷ En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word.

b) Onse Vader

6 "Petitions"

3 oor die Vader:

- Sy Naam
- Sy Koninkryk
- Sy Wil

3 oor die mens:

- Daaglikse brood
- Sondes
- Versoekings

c) Koninkryksperspektiewe

1. Lojaliteit teenoor Koninkrykswaardes

- Skatte
- Lig
- Slawerny

2. Vertroue in God

- Daarom met die waarom
- Vertrou God in alles